Stellies Kleuter Nasorg: 2024

Eekhorinkies en Graad R

Ons is bly dat u besluit het om u kind aan ons sorg toe te vertrou. Ons kan u verseker dat ons daarna streef om die nasorg 'n tweede tuiste vir ons leerders te maak. Hulle veiligheid en geluk is ons prioriteit. U is welkom om ons te kontak indien u enige vrae het. Ons span bestaan uit: Marlene Bouwer (Eekhorinkie en Graad R-Nasorghoof), Stef Maart, Heather Linders en Demi Gillion. Ons sien uit om u te ontmoet.

Algemene Inligting

INSKRYWING

- Inskrywings geskied JAARLIKS vir ALLE leerders.
- Wanneer 'n aansoekvorm ingedien word, is die leerder nie noodwendig aanvaar vir nasorg nie. Ouers sal teen begin November in kennis gestel word indien 'n leerder plek in die nasorg gekry het.
- Leerders wie aanvaar word, se Januarie-betaling/deposito is betaalbaar voor/op Woensdag, 1 Desember 2023 om sy/haar plek in die nasorg te verseker aangesien daar slegs beperkte aantal plekke beskikbaar is. Hierdie fooi sal dus dien as deposito én as die Januarie-betaling.
- Voorkeur sal aan voldag aansoeke gegee word.
- Stellies Kleuter Nasorg bied twee nasorg opsies:
    - 'n Jaarlikse nasorgfooi van R10 945 vir Voldagleerders
    - 'n Jaarlikse nasorgfooi van R6 820 vir Halfdagleerders

    Hierdie jaarfooie is betaalbaar óf eenmalig (min 5% Korting) óf in 11 gelyke paaiemente vanaf Januarie tot November dws:

    - R995/maand vir 11 maande vir Voldagleerders
    - R620/maand vir 11 maande vir Halfdagleerders
- Die inskrywingsvorm moet **volledig voltooi en onderteken** word deur **beide ouers.**
- Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die nasorghoof, Marlene Bouwer, te verwittig van enige veranderinge ten opsigte van die inligting verskaf op die inskrywingvorm bv. kontaknommers, ens.
- **'n Kalendermaand (betaalbaar) kennisgewing moet gegee word in die geval van kansellasie.**
- Stellies Kleuter Nasorg behou hom die reg voor om 'n leerder toegang te weier indien hy/sy hom/haar nie aan die nasorgreëls onderhou nie.

NASORGTYE

- Nasorgtye is soos volg:

HALFDAG		VOLDAG	
EEKHORINKIES	12:30 - 15:00	**EEKHORINKIES**	12:30 - 17:30
GR R	13:00 - 15:00	**GR R**	13:00 - 17:30

- Leerders moet daagliks **stiptelik** om **17h30** (**VOLDAG**) afgehaal word.
  Leerders moet daagliks **stiptelik** om **15h00 (HALFDAG**) afgehaal word.

- **'n Bedrag van R100,00 sal gehef word indien leerders laat afgehaal word. Hierdie reëling sal streng toegepas word.**

Vrydae:

Nasorg **sluit om 17h00** vir ALLE VOLDAG leerders.

Langnaweke:

Wanneer 'n langnaweek op 'n Donderdag begin, sal die nasorg om **17:00** sluit.

Paasnaweek:

Daar sal geen nasorg op die Donderdag voor Paasnaweek wees nie.

Vakansies:

Daar sal geen nasorg op die laaste dag van elke kwartaal wees nie.

VAKANSIE NASORG

- Die nasorg sal gedurende skoolvakansies en openbare vakansiedae gesluit wees.
- Indien vakansie nasorg aangebied word, sal u betyds daarvan in kennis gestel word.
- Vakansie programme sal teen 'n addisionele koste aangebied word.

AFHAAL VAN LEERDERS

- Ouers moet leerders **PERSOONLIK** by die nasorghekkie kom haal óf diegene wie toestemming daarvoor het (soos aangedui op die aansoekvorm). Geen ouer boeties/sussies mag leerders by die nasorgklas kom haal nie.
- Die nasorgpersoneel moet in kennis gestel word indien iemand anders (behalwe die genoemde persone) 'n leerder gaan afhaal of indien 'n leerder die dag nie nasorg gaan bywoon nie.

MIDDAGETE

Ouers pak self 'n ligte middagmaal vir leerders in asook 'n versnapering vir later die middag. Nasorgleerders moet dus daagliks 2 kosblikke inpak naamlik 'n pouse- en 'n nasorgkosblik. **Geen soetgoed** word tydens etenstye toegelaat nie (vermy asb lekkers, koekies, 'chips', gaskoeldranke, produkte met te veel suiker). Kos kan in die mikrogolf warm gemaak word. Indien kosblikke in die yskas gebêre moet word, moet die nasorghoof daarvan in kennis gestel word. **Kosblikke, kossakkies en waterbottels moet duidelik gemerk wees.**

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die nasorgpersoneel sal toesien dat leerders hulle buitemuurse aktiwiteite wat by die skool aangebied word, bywoon bv. Playball, Drama, RSD-Rugby, ens. Ouers word versoek om elke kwartaal 'n vorm met die spesifieke kwartaal se buitemuurse aktiwiteite te voltooi en die nasorghoof in kennis te stel indien daar gedurende die kwartaal enige veranderinge plaasvind.

Aansoekvorms verkrygbaar op Laerskool Stellenbosch se webwerf.

Voltooi asb volledig en e-pos so spoedig moontlik na mbouwersa@gmail.com aangesien daar slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar is.

Navrae: Marlene Bouwer (082 82 11345)

E-pos: mbouwersa@gmail.com

NASORGAANSOEKVORM: 2024

INLIGTING: Leerder

HALFDAG:		VOLDAG:		Begindatum:	1 Januarie 2024
VAN:					
NAAM:					
NOEMNAAM:					
GEBOORTEDATUM:					
GRAAD:					
TAAL:					
Allergieë (kos/medisyne/ander):					

INLIGTING: Ouers

	VADER	MOEDER
Titel:		
Van:		
Naam:		
Beroep:		
Huwelikstatus:		
Huisadres:		
Huistelnr:		
Werktelnr:		
Selnr:		
E-posadres:		

MEDIESE INLIGTING

Dokter:	
Kontaknr:	
Mediese fonds:	
Mediese fondsnr:	
Kontakpersoon in geval van nood:	
Kontaknr:	

PERSONE WAT LEERDER MAG AFHAAL/UITTEKEN (buiten ouers)

NAAM/VAN	Kontaknr:
1.	
2.	

BROER/SUSTER in senior nasorg

Naam	Graad 2024
1.	
2.	

BELANGRIK

- Hiermee word bevestig dat die inligting (soos uiteengesit) verstaan word en dat ek/ons hierby sal hou.
- Ek/ons bevestig ook hiermee dat die inligting deur my/ons verskaf WAAR is.

Geteken: …… …… ……

Vader **Moeder** **Datum**

NASORGBETALINGS

FINANSIES

- Die Nasorgfooi vir 2024 is: R10 945 - Betaalbaar teen **R995** per maand vir **VOLDAG** leerders
  R6 820 - Betaalbaar teen **R620** per maand vir **HALFDAG** leerders.
- Nasorgfooie is STRENG VOORUITBETAALBAAR, voor/op die **1ste van elke maand**.
- **'n Boete van R100 sal gehef word op laat betalings.**
- **GEEN kontantbetalings asb.**
- Met **elektroniese betalings** moet die leerder se naam en eerste letter van sy /haar van as **verwysing** gebruik word bv. **JanJ**.
- **Betalingsbewyse** moet na mbouwersa@gmail.com gestuur word.
- Stellies Kleuter Nasorg behou die reg om leerders toegang te weier in die geval van **agterstallige betalings.**

BANKBESONDERHEDE

NAAM	Stellies Kleuter Nasorg
BANK	CAPITEC Stellenbosch
REKNR.	1610225129
TAKKODE	470010
BEWYSE	mbouwersa@gmail.com
NAVRAE	Marlene Bouwer (082 82 11345 – verkieslik ná 13:00)

Persoon verantwoordelik vir betaling van fooie:

- Ek/ons aanvaar volle verantwoordelikheid vir die volledige betaling van hierdie rekening en verklaar hiermee dat betaling(s) voor/op die vasgestelde datum(s) gedoen sal word, sonder uitsondering. In die geval van wanbetaling of agterstallige betalings, behou Stellies Kleuter Nasorg die reg om die leerder(s) toegang tot nasorg te weier EN om die agterstallige gelde in te vorder.

Van:	
Naam:	
Kontaknr:	
E-posadres:	
Handtekening:	

STELLIES KLEUTER NASORG: EEKHORINKIES EN GRAAD R

VRYWARING, VERBLYF OP PERSEEL

1. Ek, die ondergetekende, ……
(meld ook verwantskap - Vader, Moeder of Voog)

van ……
(volle naam van kind),

stem hierby toe dat my kind lid van Stellies Kleuter Nasorg is.

2. Namens die kind as sy/haar ouer/voog en namens myself, onderneem ek om nie die nasorg aanspreeklik te hou vir enige toevallige verlies, skade, besering of siekte wat die kind as gevolg van watter oorsaak ookal, gedurende verblyf by die nasorg, mag opdoen nie.

3. Ek onderneem ook om Stellies Kleuter Nasorg te vrywaar teen alle eise van 'n ander party as gevolg van verlies/ongelukke wat genoemde kind mag oorkom, of as gevolg van siekte van genoemde kind of weens enigiets wat genoemde kind mag doen, of nalaat om te doen gedurende die verblyf by die Nasorg.

4. Ouers is self verantwoordelik vir enige mediese kostes as gevolg van toevallige beserings.

…….. ……
VADER, MOEDER OF VOOG DATUM

AS GETUIES:

1. …….. ……
DATUM

2. …… ……
DATUM